18 September 2020
NG Gemeente Stellastraat
BLITSNUUS

Sondag 4 Oktober is ons terug op ons pos!

Dit is 'n sug van verligting. Die president se aankondiging dat die inperkingsregulasies eerskomende Maandag na vlak 1 verskuif, gee bietjie asem. Die lewe met maskers, wat tog so ongemaklik is, gaan blykbaar nog 'n lang ruk met ons wees, maar dankie tog, in ander opsigte is dinge darem beter. Die aankondiging impliseer dat ons in 'n groot mate na normaal kan terugkeer wat Stellastraat se eredienste en gemeentelewe betref. Dus, op Sondag 4 Oktober is ons almal weer op ons pos. Al die eredienste gaan op Sondag 4 Oktober weer hervat – behalwe die Adoramusdiens.

Ons sal graag iets besonders van die dag wil maak. Ons dankbaarheid wys. Ons lewe as gemeente bevestig. Daarom vra ons dat soveel as moontlik van ons moeite sal maak om op daardie dag een van die eredienste by te woon. Die Aanddiens 18:00 op 4 Oktober gaan dan ook die jaarlikse lentediens wees wat ons in die lushof hou. En hét die plante in die lushof nie pragtig geword nie!

Uit die aard van die saak gaan 'n paar regulasies steeds van toepassing bly. Ons sal steeds met ons maskers moet aankom, ons sal so klein bietjie wyer moet sit (behalwe families kan maar onder mekaar se vlerke inkruip), ons sal sanitering voor die byeenkomste doen, maar andersins gaan kerktoe-gaan wees soos ons dit ken. Die volgende twee Sondae, 20 en 27 September, gaan egter voort soos die eredienste in die hoogbloei van die corona-era was.

Sondag 20 September se geleenthede

Die **09:00 erediens** in die kerk word deur James gelei. Sy tema is *"Verwond en verwonderd"* en die teks Matt 6:25-34 en 7:21-23. Indien jy die eredienste wil bywoon kontak asseblief die kerkkantoor aangesien daar vir die volgende twee Sondae nog 'n beperking van 50 persone per erediens geld. Onthou dat jy die erediens ook lewendig kan volg as jy op die Youtube-kanaal gaan vra vir ***Stellastraat live***, of kliek op dié skakel - **www.youtube.com/c/stellastraatlive**

Die **Kleuterkerk** se video is hierdie week weer 'n spanpoging – baie dankie vir almal wat daaraan gewerk het. Onthou dat die Kleuterkerkvideo gebruik dieselfde tema as die junior jeuggroepe. Gesinne kan sommer hierdie kort video gebruik as inleiding vir die Huisgeloof-gesprek. Daar is ook 'n oulike voorstel van hoe om 'n klip te verf en dit erêns in die tuin te gaan sit om ons te herinner *"God reis saam met ons"*. Hier is die skakel wat julle kan gebruik om daarna te kyk:- **https://youtu.be/3R-GTtnRXDM**

Die **Tuis-adoramus** vir Sondag is deur Anton voorberei. Die teks is Eksodus 16 en die tema is "*Fyn vlokkies in die woestyn*". Jy kan aan die Adoramus meedoen deur op die volgende skakel te kliek - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-20-September.pdf**

Sondagaand 19:00 is die laaste van die drie **Soeklig** zoom-aanbiedings van Neels Jackson oor sy boek "***Jesus vir almal".*** Hier is die skakel as jy deel van die gesprek wil wees - **https://us02web.zoom.us/j/85920603739** *Meeting ID: 859 2060 3739*.

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesinne oor:

- Hoe ervaar julle God?
- Wat in die natuur herinner jou daaraan dat God die Skepper en die Almagtige is? Miskien moet julle as gesin sommer bietjie buite in die tuin sit as julle hieroor gesels.

Jeuggroepe
Die **Junior jeuggroepe** kom nou aan die einde van die geskiedenis van die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob. Vir 'n 2de keer moet Jakob na Bet-El (huis van die Here) gaan (Gen 35:1-15). Dit is hier waar die Here vir hom sê "Ek is God die Almagtige" (vers 11). Ons wil baie graag hê dat die gesinne met die kinders sal gesels oor hoe beleef hulle God (sien die Huisgeloofvraag). Die Gespreksblad word deur die groepleiers aan die gesinne gestuur en julle kan self besluit hoe julle hierdie Gespreksblad hanteer. "Lente doen dit" en as jy 'n tiener is, is dit nou die tyd dat jy net op hormone en water leef!!! In die **Senior jeuggroepe** gaan die jongmense met mekaar gesels oor "Lyftaal" (die taal wat my liggaam praat as dit na jou roep – vgl Hooglied 8:6-7). Dit gaan dan ook hopelik ons laaste Zoom-ontmoeting wees. Kontak gerus vir Tienie (083 627 5086) as jy enige vrae oor die Jeuggroepe het.

Ons is baie opgewonde dat die jeuggroepe ook nou weer kerk toe skuif. Vanaf 4 Oktober gaan ons weer die jeuggroepe by die kerk hou. Die laerskool kinders kom na die 10:00 diens bymekaar en die hoërskool jongmense na die aanddiens (18:00). Vir die hoërskool jongmense en die jong volwassenes beplan ons 'n Lentediens die 4de Oktober om 18:00. Hou hierdie spasie dop.

Uitreik

Vandag is dit nasionale skoonmaakdag!
Tel op die papiere. Gooi weg dit wat rondlê en die aarde bemors. Stellastraat neem vandag deel aan 'n dag wat dalk vir baie net verbygaan, maar vir ons aarde van groot belang is!

Baie dankie aan almal!
Daar het heelwat klere by Stellastraat aangekom in die laaste paar weke. Baie dankie vir die talle bydraes in die verband! Fay wil Maandag 10:00 begin om die klere uit te sorteer om dit op die regte plekke te kan besorg. As daar êrens los en gewillige hande is wat haar daarmee kan kom help, sal sy vreeslik dankbaar wees!

Blikkieskos
Die uitreikbediening vra dat gemeentelede wat blikkieskos wil skenk, dit asseblief by die kerkkantoor sal aflaai.

Stellastraat se Finansies

Dat Suid-Afrika se ekonomie met bykans 10% gaan krimp as gevolg van die covid-19-pandemie is iets wat ons almal in die oë moet kyk. Dit is 'n werklikheid. Maar danksy die wonderlike gesindheid van talle lidmate van Stellastraat en die Ters-bydraes wat ons van die staat gekry het, is Stellastraat net R130 000 agter op die begroting vir die 2020-jaar. Indien die jaarlikse dankfees van Oktober die R725 000 behaal waarvoor die begroting vra, sal Stellastraat bykans ongeskonde uit die moeilike jaar kan kom.

En dan moet ons bysê dat ons ook baie bydraes die afgelope ses maande ontvang het wat ons net so vir hulpverligting kon deurgee! Die dankfees-span gaan nie aan jou 'n koevert kan pos vanjaar nie. Hulle gaan wel koeverte in die kerk beskikbaar stel, maar ons almal gaan deur middel van e-posse en sms'se herinner word aan die geleentheid. As gevolg van die verskuiwing van die skoolvakansies, is vanjaar se dankfeesdag reeds op Sondag 18 Oktober.

Orrel en klavierkonsert 10 Oktober 2020

Kom luister lekker saam na Maricus en Rolf se orrel en klavierkonsert by Stellastraat in die binnehof, Saterdag 10 Oktober om 11:00. Die kaartjies is R100 per persoon, bespreek gerus jou plek by die Kerkkantoor.

Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees. Aansoeke sluit 30 September 2020 en die kursus begin op 22 Februarie 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate by Stellastraat – Phillip, Lizé, hulle seuns Phillip en Chris Nel van 387 Strubenkop, Lynnwood.

Voorbidding

Kara van Tonder (graad 1) is geopereer om 'n gewas agter haar oor te verwyder.
Neels Campher is na drie weke se hospitalisasie en operatiewe prosedures Woensdag huistoe. So dankbaar saam met hom en Zettie.
Fransie du Toit, vroeër van Hazelwood is baie ernstig siek in die Zuid-Afrikaanse hospitaal.

Meegevoel

Christo du Preez se vader is die afgelope week oorlede, baie sterkte aan hom en sy gesin.
Hanna Joubert, dogtertjie van Danie en Izaan Joubert, is Woensdagnag oorlede. Ons het nie woorde nie, behalwe dat ons saam met die ouers, grootouers en haar sussie huil. Onwillekeurig kom die gedig van Totius in ons gedagtes - **Ek wou my ganse digkuns waag**

Ek wou my ganse digkuns waag
Om al my hartpyn uit te klaag;
Om in my klanke uit te sê,
Om soos in marmer vas te lê
Die beelt'nis van my pyn.

Maar nêrens vind ek daardie marmer
Waar ek dié beelt'nis uit kan slaan;
En al my klanke is eind'loos armer
As wat ek ondergaan

Nee, 'k sal nie waag om 't uit te sê.
Nee, 'k gaan tot God wat weet, en lê
Vas op my hart my regterhand
En snik: "o God, dit brand!"

Verjaarsdae 20 - 26 September

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 20 September:
Koot Bosman, Annemie du Plooy, Jeanne Kriek, Janecke Nel, Tiaan Nel, Martin Potgieter, Jan Rudolf Schultz, Caden Smit.

Maandag 21 September:
Francois de Vos, Amelia Gresse, Elma Human, Rudi Jordaan, Christo Lombaard, Lienke Maré, Skye van Heteren.

Dinsdag 22 September:
Lelané Basson, Jeandri Janse van Rensburg, Irma Reyneke, Marius Snyman, Ettrusia von Berg.

Woensdag 23 September:
Vasti Claassens, Lorraine Havemann, Caroline Joubert, Salie Joubert, Lara Matzner, Chris Nel, Thys Smith, Michael van der Westhuizen, Kayla van Staden, Surisa van Staden.

Donderdag 24 September:
Lise Coetzee, Michelle Erasmus, Ria Meiring, Christine Nel, Anton Swart, Wihan van der Heever, Stegmann van Niekerk.

Vrydag 25 September:
Meisie de Lange, Lizette Francis, Dudley Kirkpatrick, Ernst Neuland, Sonja van der Ryst.

Saterdag 26 September:
Ebbie Brink, Ancile Corver, Louise Dannheimer Steenkamp, Elné Heyns, Gawie Jacobs, Mia Kriel, Louise Lachenicht, Kallie Pont, Leon Pretorius, Albert Uys, Dawie van der Merwe.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za